Fynbos Quilt Festival

create – connect – care

Hopefield 2025

# SPESIFIKASIES en VOORWAARDES

## vir die inskrywing van jou kwilt of gekwilte item vir die uitstalling

*Alhoewel hierdie nie 'n beoordeelde kwiltuitstalling is nie, word alle kwilte/items geëvalueer en moet hulle aan die volgende spesifikasies voldoen.*

1) Alle kwiltinskrywings moet hoofsaaklik van lap gemaak wees, uit ten minste drie (3) lae bestaan en deur alle lae gekwilt wees (behalwe vir "coverlets" of andersins gespesifiseer).

2) Jy kan ook **gekwilte item**s soos klere, sakke, boeke en ander items inskryf.

*( Vir gemak van verwysing, gaan ons voortaan slegs die woord "Kwilt/e" gebruik, maar dit sluit alle tipe inskrywings in.)*

3) Alle ingeskrewe kwilte moet met die hand, masjien of albei gekwilt word, behalwe vir Mola, Koekarretjies en Cathedral Window.

4) Alle inskrywings moet in 'n onberispelike toestand wees, gereed vir die uitstalling.

5) Grootte: Geen kant langer of breër as 240 cm nie.

6) **Maksimum aantal inskrywings**: 'n Totale aantal van ses (6) kwilte per persoon. [ Dit sluit "The Beehive Project"* uit]

**"The Beehive Project" is 'n gemeenskapsprojek wat sal deel wees van die kwilt uitstalling. Daar is geen beperking op die aantal heksagone wat jy wil skenk nie en deelname is gratis. Kliek hier vir meer inligting.*

7) **Beperkings** vir inskrywing:

> a) Geen kwilt wat meer as 3 jaar gelede voltooi is, mag ingeskryf word nie.
>
> b) Kwilte met swaar versierings, stewige rame, spesiale monterings of installasies word nie toegelaat nie. Om veiligheidsredes word kwilte met elektriese komponente of spesiale beligting nie toegelaat nie.

8) **Hangsloop**: Aangesien kwilte met knypers gehang sal word, of aan die uitstalling-lakens vasgespeld sal word, is hangslope opsioneel.

9) **Klere** moet met 'n by passende klerehanger voorsien word.

10) **Etiket**: Alle kwilte moet 'n lapetiket hê. Die etiket moet die volgende inligting insluit: Maker(s) se naam/name, Kwilttitel, Datum (of Jaar) wanneer die kwilt/item gemaak is en die unieke kwiltinskrywingsnommer wat na inskrywing aan jou gestuur sal word.

11) Etikette moet op die agterkant van die kwilt in die onderste linkerhoek vasgewerk word, as jy na die agterkant kyk.

12) **Erkennings**: Alle ontwerp- en inspirasie-erkennings moet voorsien word.

13) Die unieke inskrywings nommer, asook krediet aan die ontwerper/bron/inspirasie, fotokopieë van die oorspronklike ontwerp of toestemmings van ontwerpers (indien van toepassing), moet in 'n deursigtige plastieksakkie geplaas word en aan die agterkant van die kwilt vasgespeld word voor aflewering van die kwilt.

14) **Regte**: Die Feesorganiseerders behou die reg voor om enige kwilt te verwerp wat hulle as onvanpas of aanstootlik beskou.

15) **Fotografie**: Die Feesorganiseerders behou die reg voor om enige werk te fotografeer en die foto's te gebruik vir advertensie- en publisiteitsdoeleindes en sal erkenning gee aan die kwiltmaker(s).

16) **Toestemming**: Deur in te skryf, gee die deelnemers toestemming aan die Organiseerders en die publiek om foto's van hul kwilt/e te neem, wetende dat hierdie beelde op sosiale mediaplatforms kan verskyn.

17) **Risiko**: Alhoewel die grootste sorg met alle inskrywings geneem sal word, word die kwilte ingeskryf en uitgestal op die risiko van die eienaar/deelnemer(s). Deelnemers is verantwoordelik om hul eie versekering te reël.

18) **Sperdatums**: Alle kwiltinskrywings moet voldoen aan die inskrywings- en afleweringsdatums .

• Ingeskryf en betaal teen middernag **22 AUGUSTUS 2025**

• Afgelewer teen middernag **19 SEPTEMBER 2025**

19) Verkoop van kwilte:

• Alle verkope van kwilte sal deur Ronel Pistorius (selnommer 072 476 7678) gefasiliteer word.

• Jy sal in kennis gestel word indien iemand belangstel om jou kwilt te koop. Alle verdere reëlings (betaling en afhaal) sal tussen jou en die koper wees.

• GHQG sal nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese wat gely word as gevolg van die verkoop van werk nie.

• Die kwilt sal deel van die uitstalling bly totdat die uitstalling op Saterdag 11 Oktober 2025 om 17:00 sluit.

## Kwilt-inskrywing

1) Inskrywingsfooi is **R100** per inskrywing. (The Beehive Project-heksagone-inskrywings is **gratis**.)

2) Kwilt-inskrywingsfooi(e) is nie terugbetaalbaar nie.

3) Die kwiltmaker is aanspreeklik vir alle posgeld/versending/koerierkoste of ander uitgawes en versekering met betrekking tot hul kwilt-inskrywing(s). Versending/koerier moet vooraf met Dewald gereël word.

4) Kwilt-inskrywings kan slegs aanlyn ingedien word.

5) Betalings word slegs per direkte EFT gemaak aan:

**Good Hope Quilters Guild**

**Standard Bank**

**Lopende rekeningnommer: 73027413**

**Takkode: 036309**

**Verwysing: Naam_Van**

Bevestiging van inskrywing, met 'n unieke kwiltnommer, sal per e-pos gestuur word, sodra daar aan al die inskrywingsvereistes voldoen is.

## Aflewering van Kwilte

1) Vroeë aflewering van voltooide kwilte vir die besige bye sal moontlik wees by die GHQG kwartaallikse vergadering op **9 Augustus 2025** by **Edgemead Gemeenskapsaal, 09:30 – 12:00**.

2) Koerier/PostNet/Pudo-aflewerings van kwilte moet met Dewald gereël word, en moet nie later as 19 SEPTEMBER 2025 **ontvang** word nie.

3) Onthou: krediet aan die ontwerper en ontwerpbron/inspirasie, en fotokopieë van die oorspronklike ontwerp of toestemmings van ontwerpers (indien van toepassing), moet in 'n deursigtige plastieksakkie geplaas word en aan die agterkant van die kwilt vasgespeld word voordat 'n kwilt ingehandig word.

4) Alle kwilte moet verseël in 'n deursigtige herwinbare plastieksak of materiaalsak afgelewer word, met die etiket (wat saam met die bevestiging van inskrywing ontvang is) stewig geplak aan die buitekant van die sak. Deursigtige breë kleeflint (soos om bokse te verseël) sal ideaal werk vir dié doel.

5) **Plaaslike afleweringspunte**: Reëlings kan getref word om u kwilte by een van die volgende aangewese kwiltontvangers af te laai tussen **12 - 19 SEPTEMBER 2025**:

| Area | Kontak Persoon | Adres | Selnommer |
|---|---|---|---|
| **NORTHERN SUBURBS** | Jean Downing | 17 The Homesteads, Bowlers St, Vergesig, **Durbanville** | 079 268 2861 |
| | Rina James (Thimbles Quilt Shop) | 10 Gladstone St, **Durbanville** | 021 975 5001 |
| **SOUTHERN SUBURBS** | Margi Southern | 9 Brocker Way, **Tokai** | 082 821 9084 |
| | Mandy Rohland (The Quilting Bug) | 53 Dreyersdal Road, **Bergvliet** | 083 212 0602 |
| **OVERBERG** | Hanna Kemp | 12 New Mark St, **Napier** | 083 381 7050 |
| | Bettie van Zyl | 22 Duiker Crescent, Sandbaai, Hermanus | 082 330 9088 |
| **WEST COAST** | Tan du Preez | Lutie Katz Ext 147, **Yzerfontein** | 079 555 9189 |
| | Maggie Hyde / SA Mini Land | 44 River St, **Hopefield** | 082 893 0778 |
| **BOLAND / PAARL** | Alta Alberts (The Fabric Contessa) | Sandwyk Farm, Sandwyk St, **Suider-Paarl** | 076 450 3712 |
| **HELDERBERG** | Els Barnard | 27 Cherrywood Gardens, Bizweni Ave 18, **Somerset West** | 072 644 8327 |

## Afhaal van Kwilte

1) Kwilte moet op **Saterdag 11 OKTOBER 2025 om 17:30** of op **Sondag 12 OKTOBER 2025 tussen 08:00 en 10:00** by die uitstallingsaal afgehaal word.

2) Indien jy verkies dat jou inskrywing(s) terugbesorg word via PostNet/koerier/Pudo, sal jy verantwoordelik wees vir die volle koste. Reëlings moet voor die tyd getref word.

## BELANGRIKE DATUMS VIR UITSTALLING:

**9 AUGUSTUS 2025:** Vroeë aflewering van voltooide kwilte by die GHQG kwartaallikse vergadering op 9 Augustus 2025 by Edgemead Gemeenskapsaal, 09:30 – 12:00.

**22 AUGUSTUS 2025:** Sperdatum vir ontvangs van inskrywingsvorms en betaling van inskrywingsgeld.

**19 SEPTEMBER 2025:** Laaste dag vir die ontvangs van voltooide kwilte vir uitstalling.

**8 – 11 OKTOBER 2025:** Kwilt-uitstalling by die Sportsaal in Hopefield.

**11 OKTOBER 2025:** Afhaal van kwilte by die uitstallingsaal om 17:30.

**12 OKTOBER 2025:** Afhaal van kwilte by die uitstallingsaal tussen 08:00 – 10:00.

Vir enige verdere inligting, kontak asseblief vir Dewald per e-pos *of* WhatsApp 0749353007 (slegs teksboodskappe).

Ons voel bevoorreg en sien uit daarna om jou werk by die Fynbos Kwiltfees 2025 ten toon te stel!

FYNBOS
QUILT FESTIVAL
create - connect - care
HOPEFIELD 2025